# Ruach Bediening Nuusbrief

Augustus 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ........ 1
2. Gebedsterapie sessies in Augustus 2024 ........ 2
3. Getuienisse ........ 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ........ 3
   a. Ruach Bediening – 21 Augustus 2024 ........ 3
   b. Verjaarsdag – 27 Augustus 2024 ........ 3
   c. Jou tong ........ 4
   d. Jesus het my mooi gemaak ........ 4
   e. Een storie – Twee perspektiewe ........ 5
5. So terloops .... ........ 7
   a. Kerkman ........ 7
   b. Lente in ons tuin ........ 7
   c. Ons groente tuin ........ 7
   d. Regte tyd ........ 7
6. Beplanning vir volgende maande ........ 8
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ........ 8
8. Bybelskool ........ 9
9. Afsluitings Gebed ........ 9


## 1. Gedagte vir die maand




**Matthéüs 6:26**

Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

## 2. Gebedsterapie sessies in Augustus 2024

| | |
|---|---|
| 65 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 6 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 23 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 9 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 15 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 21 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 140 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1**: Dankie dat julle getrou is aan die roeping wat Jesus op julle lewens geplaas het. Dit is 'n voorreg om in julle bediening te kan insaai, want ons weet hierdie is goeie grond.
2 Co 9:12 Want die bediening van hierdie hulpbetoning voorsien nie alleen in die behoeftes van die heiliges nie, maar is ook oorvloedig deur baie danksegginge aan God,

**Getuienis 2:** Baie dankie Sarel, ek waardeer jou woord en jou bediening. Ek vertrou God werklik vir ń deurbraak en diep genesing op soveel vlakke wat bitter nodig is. Ek sien uit om saam met julle 'n pad te stap, dit is geen toeval en weet dat jul bediening geseënd is omdat jul so opreg en in lyn is. Ek sal vir jul ook bly bid.



**Getuienis 3:** Goeie Dag Sarel en Gerda, hoop dit gaan sommer baie goed met julle? Sjoe, ek wil net met julle deel. Sarel, jare terug het jy oor my geprofeteer, dat ek 'n intersessor gaan wees. Jy het die saad daai jare in my lewe ingesaai en na vanoggend se Communion met Dr Frost, het dit oopgebreek in my. Baie dankie, Sarel. Ek Eer God en respekteer jou dat jy sensitief was vir die Heilige Gees. Dit was 'n Sondag aand diens by Lewende Woord Centurion, nog onderleiding van Pastoor Lourens en so het ek die pad met die Here begin stap. Ek het 'n passie vir gebed en is op verskillende gebedsplatforms. Dit gaan nie oor my nie, maar oor Jesus. Mag jy Sarel en Gerda Geseënd bly, met 'n 70 en 100 voudige Seëninge.

**Getuienis 4:** Dankie vir gister, vir die eerste keer ervaar ek 'n VRYHEID en kan ek ligvoets die dag binnegaan!! Prys die Here!! Waardeer jou en Gerda se getrouheid en liefde!! Julle is waarlik gestuurdes!!

**Getuienis 5:** Ek stem saam met al die mense wat sê oom voel vir hulle soos 'n pa, want dis ook hoe oom vir my voel. Julle kon dalk nie fisies kinders gehad het nie, maar Jesus het geestelik vir oom-hulle soveel kinders gegee.

**Getuienis 6:** Naand Oom Sarel, Ek wil net baie dankie sê vir vandag. Ek voel regtig ligter en ek het met my hele gesin gesit en openlik gepraat oor baie dinge. Lekker aand en baie blessings.

**Getuienis 7**: Sarel, jy het so 4 jaar terug gebid vir depressie. Ek was by twee Psigiaters en op ses verskillende anti-depressante pille. Jy het vir my gebid. Ek het alles net so gelos en wil jou laat weet ek is heeltemal vry van depressie.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Ruach Bediening – 21 Augustus 2024

Indien julle meer wil lees oor ons vyftien jaar in die bediening, kan julle op www.ruachbediening.co.za gaan kyk, onder die opskrif, NUUSBRIEWE, dan kyk julle by Augustus 2024.




### b. Verjaarsdag – 27 Augustus 2024

- Jy verjaar!!! 👐👐🎂🥁.Ons mooiste wense vir jou. Jy is so getrou en gehoorsaam en ek glo jy gaan meer as ooit verwonderd staan oor hoe die Here gaan voorsien!! Jy is waarlik 'n instrument in ons Vader se hand en jy kon soveel mense bedien met die Here se verlossing en vrymaking👐👐
- Sarel, mag jy tot in lengte van dae beskerm en gespaar bly. Mag net goedheid en guns jou volg....En mag die jare vorentoe die heel beste ooit wees...
- Mag die Here oom nog baie jare seen en spaar. Dankie vir die goeie werk wat oom elke dag doen.
- Liewe Sarel, mag Hy jou romance vandag. Mag HY hoog oor die wolke met jou dans.
- Mag die Here jou ryklik seen en toerus vir jou groot werk!Mag die Heilige Gees jou gewillig en bekwaam maak. Mag jy baie gesondheid en vreugde ondervind in hierdie jaar! Liefde
- Ons gebed is dat die Here jou sal toevou in SY hand.
- My gebede is dat ons Hemelse Vader oom sal omvou met SY genade, liefde, goedheid en gunsin oom se lewensjare voorentoe
- Hi Oom Sarel. Baie baie geluk. Mag God Oom seën bo verwagting. Dankie vir die verskil wat Oom in so baie mense se lewens maak.
- Baie geluk Sarel mag die Here se guns jou volg en jy net geseën wees in alles wat jy doen🎂🎁
- Happy birthday Sarel. May God bless you and keep you and make His face shine upon you.
- Baie geluk, Sarel, met jou verjaarsdag! Mag Sy vrede jou dae kenmerk!
- Hoop Oom het n geseende dag gehad! Oom is baie spesiaal vir baie mense daar buite!
- As dit nie vir Oom was nie sou baie mense nie meer hier gewees het vandag nie! Geseende aand vir Oom Sarel hulle!



- Goeienaand. So jammer ons is amper te laat met die verjaarsdag wense. Ons gebed is dat dit 'n wonderlike jaar sal wees, gevul met nog meer seën van ons Vader. Dankie vir soveel kosbare Woord wat soveel mense se lewens verryk. Glo dit was 'n baie spesiale dag. Liefdegroete
- Hallo Sarel, baie geluk met jou verjaarsdag. "May the Lord bless you in abundance, may His marvelous light shine upon your face".
- Wondelike en geseende verjaarsdag Sarel.
- Ek seën jou met Psalm103v5. Hierdie lewensjaar sal jou beste ooit wees vol liefde, vrede en vreugde in Jesus.
- Geseend is jy....

## c. Jou tong



Somtyds moet jy doen wat die gewese minister Bheki Cele sê: "Shut up!"
Jy is 'n gees binne in 'n vleeslike liggaam met 'n siel.
Jou gees het God in jou geplaas die oomblik van bevrugting in jou Moeder.
Jou gees keer terug na God as jy sterf, jou gees se dinkbron is jou gewete.
Jou siel se dink bron is jou verstand.
Jou liggaam se dink bron is jou Brein.
Elke keer wat jy sê;
"Ek is" Aanvaar jou siel dit as 'n bevel.
Dood en lewe is in die mag van jou tong.

**Spreuke 18:21**: "Die tong het die krag van lewe en dood, en die wat dit liefhet, sal sy vrugte eet."
**Matteus 12:37**: "Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word."
**Jakobus 3:6-8**: "Die tong is 'n vuur, 'n wêreld van boosheid tussen die dele van die liggaam...Geen mens kan die tong tem nie."
**Psalm 52:2-4: "**Jou tong beplan vernietiging; dit is soos 'n skerp skeermes, jou bedrieglike tong... jy het die kwaad meer lief as die goeie."
**Spreuke 12:18:** "Die woorde van die roekelose dring deur soos swaarde, maar die tong van die wyse bring genesing."
**Efesiërs 4:29:** "Moenie onheilspellende praatjies uit julle mond laat kom nie, maar net wat nuttig is om ander op te bou volgens hulle behoeftes."
**Kolossense 3:8:** "Maar nou moet julle julself van al sulke dinge soos hierdie ontslae raak: woede, woede, boosheid, laster en vuil taal van julle lippe."
**Psalm 39:1:** "Ek het gesê: Ek sal my weë waak en my tong van sonde bewaar; ek sal 'n snuit op my mond sit."

Hierdie skrifte beklemtoon die betekenis van jou woorde, en beklemtoon hul potensiaal om lewe, dood, genesing of skade te bring.



## d. Jesus het my mooi gemaak

"Antie! Antie!" hoor ek iemand agter my roep.
Ek stap in die stofstrate van Pofadder. Dis droog en stowwerig.
Ek steek vas. Kyk om.
'n Klein vuil seuntjie hardloop na my toe.
Ek kyk die kind.
Ag Vader, hoekom is die kind so verskriklik lelik, dink ek.
Sjoe, iewers het hierdie reseppie lelik verkeerd geloop.
"Hello my kind".

"Hello Antie. Kan ek Antie se kitaar dra?
Ek het Antie gehoor sing."
Ek haal my kitaarsak van my skouer af en haak dit oor syne.



Kaal gebarste voetjies loop 'n paar treë in stilte.
Hempie knoop af.
Broekie se gulp stukkend, aanmekaar gesit met draad.
"Antie?"
"Ja my kind?"
"Antie sing mooi. Ek was vol mossievleis. So "straight" mooi soos my ma sê."
Wie het vir Antie daai mooi stem gegee?"
"Seker maar Jesus, Seun."
"Ja, Hy het vir my ook een gegee."

Ons loop.
Weer dink ek aan die kind se lelike reseppie wat oral oor sy gesig geskryf is.
Regtig Jesus?

"Wil Antie my hoor sing?"
Dalk maak sy stem op vir die gebrek aan skoonheid, rol dit deur my gedagtes.
"Asseblief Seun".
Hy gee my kitaar terug.
Hy kry "pose" sodat hy sy "moves" saam sy lied kan maak.

Hy kyk my eers in die oë en maak seker hy het al my aandag en hy begin sing met 'n breë glimlag:

"Jesus het my mooi gemaak 🎶,
Jesus het my baie mooi gemaak 🎶,
my kop, my tone, my hande my voete, 🎶Jesus het my so mooi gemaak."



Ek hurk.
Here, Here, wees my, sondaar, genadig!
Die trane vloei oor my wange, meng met die stof van Pofadder se strate.
"Seun, kan jy my vergewe vir my lelike gedagtes asseblief? Jy is só mooi."
"Antie, ek weet nie wat Antie gedink het nie, maar Antie se oë praat nou Jesus."

Ek haal my kitaar uit.
Die wysie is maklik.
Ek slaan die kitaar en hy "jive" uitbundig sy "moves" in Pofadder se stofstraat met boude wat boep staan. Ek "jive" saam soos 'n kind:
"Jesus het ons mooi gemaak ..."

Ek kyk sy gesiggie en ek sien sy glimlag praat Jesus ...

Mag jou oë ook Jesus praat met almal met wie jy vandag in aanraking kom.
Liefde en omgee.†□💕🙏

## e. Een storie – Twee perspektiewe

Ek sit vanaand hier in my kamer op die basis in Ellisras / Lephalale en kry myself baie jammer. Kon nie die naweek huis toe gaan nie want my motor se herstelwerk kon nie betyds klaar wees nie agv 'n part wat ons van Pretoria af moes bestel. Dit sal dit 3 weke weg van die huis af maak. Selfs die ou een oog kat wat ek hier voer het nie eens vanaand kom eet nie

Skielik besef ek ook dat dit graf stil is hier. Nou verstaan, my kamer is in een van die geboue in white city op die basis waar al die living ins bly waarvan ek die enigste blanke living in is. Naweke

is lawaai tyd, volksvreemde harde musiek tot 22:00 want 22:00 sê die Base Standing Order moet daar stilte wees - dank Vader vir daai Base Standing Order anders sou die musiek maklik tot diep in die oggend ure aangaan. Die stilte is wonderlik maar vanaand knaag dit aan my eensaamheid hier. Sou bitter graag eerder by my vrou en 6 honde by die huis wou wees.

Ek maak 'n whattsapp boodskap oop en lees die volgende boodskap en dit klap my tussen die oë - daar is soveel om voor dankbaar te wees vanaand. Ek plaas die boodskap hier en hoop dat dit vir jou ook iets sal beteken:



Een Storie, Twee Perspektiewe - Albie Schoeman deel vanoggend met ons:
'n Bekende skrywer het by sy lessenaar gaan sit, sy pen opgetel en begin skrywe:

"Verlede jaar...Ek het 'n galblaas-operasie gehad om galstene te verwyder. Ek was lank in die bed...
Dieselfde jaar het ek aftree-ouderdom bereik en ek moes die maatskappy waarvoor ek so lief was, en 35 jaar lank voor gewerk het, verlaat...
Daardie selfde jaar is my moeder deur die dood van my af weggeskeur...
En toe... steeds dieselfde jaar, druip my seun sy finale mediese eksamen as gevolg van 'n motor-ongeluk. Die herstelkkoste aan die motor was net die hoogtepunt van 'n baie slegte jaar..."
En toe aan die einde van sy klaagtoon, skryf hy: "Wat 'n slegte jaar!"

Sy vrou stap die studeerkamer binne waar haar man bedroef en teneergdruk daar sit. Oor sy skouer lees sy stadig haar man se skrywe. Dan draai sy saggies om en verlaat die kamer. Vyftien minute later kom sy terug en plaas 'n stukkie papier voor haar man neer met die volgende daarop geskrywe:

"Verlede jaar... het my man uiteindelik dit reggekry om van sy galstene, wat hom vir jare soveel maagpyn veroorsaak het, ontslae te raak...
Dieselfde jaar... Ek is dankbaar dat my man in goeie gesondheid en gelukkig kon aftree. Ek dank die Here dat die Here hom die geleentheid gebied het om vir 35 jaar te kon werk en verdien om sy gesin te onderhou.
Nou kan my man meer tyd aan sy skryfwerk, wat altyd sy stokperdjie was, spandeer.
In dieselfde jaar het my 95-jarige ou skoonmoeder sonder pyn stil heengegaan.
En steeds dieselfde jaar...God het my seun gespaar in 'n ernstige motorongeluk... Ons kar was sleg deur die ongeluk beskadig, maar my seun het sonder enige nagevolge oorleef."
In haar laaste sin skryf sy: " Verlede jaar... was 'n jaar vol buitegewone seëninge van God... en ons het dit vol verwondering en dankbaarheid beleef..."



Uit watter perspektief sien jy die lewe? Uit selfbejammering of uit dankbaarheid? Abraham Lincoln het gesê: "Ons kan kla omdat roosbosse dorings het, of ons verheug dat doringbosse rose het."

Dankbaarheid is 'n ingesteldheid, 'n lewenstyl. Sien die klein dingetjies raak en moenie dit as vanselfsprekend aanneem nie. Selfs wanneer dit vir jou voel asof jy nie 'n enkele rede kan opnoem waarom jy vandag dankbaar behoort te wees nie, kan jy dankbaar wees vir Jesus. Dit is immers die boodskap van God se liefde vir jou wat Hy op aarde kom aflewer het, wat inhoud gee aan ons dankies. Ons het so baie – en elkeen van daardie dinge wat ons het, het ons van God ontvang. Kom ons onthou elke oomblik om vir Hom dankie te sê, want dankbare mense vind dit baie moeilik om moedeloos te bly."

Dankie Jaco Venter

**5.** So terloops ....


a. Kerkman

Die man kom terug by die huis nadat hy so pas by die oggend diens in die kerk was. By die huis gekom tel hy sy vrou op en dra haar bietjie rond. Sy vrou is heel verras dat hy dit doen en vra met 'n groot glimlag: "Het die dominee vandag oor romanties wees gepreek?" "Nee." Antwoord hy terug. "Hyt gese ons moet leer om ons laste te dra!"

b. Lente in ons tuin



c. Ons groente tuin



d. Regte tyd



## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881



**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Hemelse Vader, dankie vir die belofte dat niks my sal ontbreek nie. Al dink ek op 'n gegewe oomblik dat iets my ontbreek, sal 'n terugblik bewys dat daar tog genoeg was.
Vandag sal U vandag se brood voorsien, en môre môre s'n, en elke dag weer.
Ek hoef nie oor vandag, of môre, bekommerd te wees nie!
In Jesus se Naam, Amen

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke
Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.
FAITH: Forward All Issues To God